

6 MAART

SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 6:1-15
FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 6:9

Die verrassing van die eerste woord in die volmaakte gebed

Ons kapitalistiese sisteem het onder andere die een nadeel dat ons leer om te versamel en dat elkeen vir homself soveel materiële dinge bymekaar maak as wat hy kan. Dit word baiekeer gedoen ten koste van ons medemens. In die grondwet van die Koninkryk van God (die bergrede) vind ons 'n ander stel beginsels, veral as Christus ons leer oor die gebed.

Die geheim van die ware gebed is dat ek my van myself moet losmaak, losmaak van die eie ek en dat ek bo myself moet uitstyg. Dit is die groot verrassing wat Jesus ons met die eerste woord "ons" in die volmaakte gebed leer. Die voorbeelde van die Fariseërs se gebede was dat hulle gebede rondom hulleself gedraai het. Hulle wou God oortuig hoe goed en wonderlik hulle Hom dien. In die *Onse Vader* breek die ware gebed egter deur die sirkel van my selfdenke en my selfgesentreerdheid .

Hierdie gedagte neem my baie verder. Ons kan God ook nie vir onself annekseer nie. Hy is nie my eiendom nie, maar ons is sy eiendom. Hy is nie my God nie, maar ons God en ons Vader. Eers wanneer ek dit besef, kry ek skaam dat ek so min sy Naam verkondig aan ander mense, so min oor Hom getuig. Ek moet Hom deel met ander mense. Ek mag Hom nie vir myself hou nie. Dit gaan nie oor *my* en *ek* nie , maar oor *ons* wat Hom elke dag moet verheerlik. Met wie gaan u vandag hierdie evangelieboodskap deel?

Sing: Skrifberyming 28/10-1

Ds Peet Coetzee (Potchefstroom)